

10 November

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-19 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 16:15,16

Wie is Jesus?

Hoe verskillend oordeel die mense van Jesus se tyd nie oor Hom nie! Een meen dat Hy Johannes die Doper is wat uit die dood opgestaan het. 'n Ander noem Hom Elia en 'n derde dink dat Jesus een van die profete was. Nou ja, die mense na wie hier verwys word, was almal manne van naam en faam. Ja, dis groot manne van wie hier gepraat word. Vir die mens is Jesus dus 'n groot man, sommer baie groot. Mens sou kon dink dat dit Jesus nogal goed moes aandoen, 'n pluimpie vir Hom moet gewees het om met hulle vergelyk te word.

Tog is dit allermens die geval. Hoe wonderlik hulle mag klink, aan hierdie opinies skort baie. Almal mis die geloofsoog wat Christus sien en bely as die Seun van God. Hulle prys Hom dus nie, maar verneder Hom. Hulle misken die wonderlikste waarheid wat 'n mens kan ken en aanvaar: dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Die mense wat die menings uitgespreek het, was blind en doof vir Christus se Woordverkondiging deur wonders dat Hy die Messias, die beloofde Verlosser is. Hulle menings tas sy ware grootheid aan en mis die seën wat Jesus se ware identiteit inhou. So het hulle niks minder nie as die saligheid verloor nie.

Wat dink u wie is Jesus? Daar mag net een antwoord wees, naamlik die kernbelydenis van die Christendom: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Sing: Skrifberyming 5:1,2 Ds TA Liebenberg (Emeritus)